

## KONSEPDOKUMENT

# Stappe vorder met naspeuring van diere

**DIE TOENEMENDE** plaaslike en internasionale vraag na diereprodukte en geleenthede om diereprodukte uit te voer, het talle lande en veebedrywe aangemoedig om in die ontwikkeling van naspeurbaarheidstelsels te belê.

Suid-Afrika het nie agterweë gebly nie. Die Departement van Landbou, Bosbou en Visserie het onlangs 'n konsepdokument bekend gemaak ingevolge waarvan vee geïdentifiseer en nagespeur kan word. Die dokument staan as LITS SA bekend.

## HOEKSTEEN

Volgens mnr. Gerhard Schutte, hoof-uitvoerende beamppte van die Rooivleisprodusente-organisasie, is die naspeurbaarheid van diere die grondslag van sanitêre beheerstelsels in die produksie van voedsel wat van diere afkomstig is. "Dit dien as skakel tussen dieregesondheid, openbare gesondheid, voedselveiligheid en die gehalte van voedsel."

'n Stelsel vir die identifikasie en naspeur van vee sal volgens Schutte help om die probleme ten opsigte van dieresiekte-aangeleenthede op te los. "Dit kan produksie en die produktiwiteit van veestelsels ook verbeter deur middel van beter kuddegesondheid en die voortgesette bestryding van voedseloordraagbare siektes. Dit sal ook die gebruik van tegnologie bevorder om gesondheid en produksie te verbeter.

"Voorts kan so 'n stelsel 'n bydrae lewer om die Suid-Afrikaanse rooivleisbedryf te vestig as 'n leier in die veld van diereproduksie en -handel in Afrika. Ander voordele sluit in 'n mededingende bedryf wat betref veeproduksie en -gesondheid, asook handel. Die land se handelsvennote kan verseker wees van geloofwaardige sanitêre waarborge. Die bedryf sal ook sy eie bygewerkte veesensus hê."

## SÓ LYK DIE SYFERS

Schutte sê die rooivleisbedryf is een van die belangrikste bedrywe in die Suid-Afrikaanse landboubedryf. Dit het in 2015-'16 ongeveer 17,1% tot die bruto waarde van landbouprodukte in Suid-Afrika bygedra.

Hoewel vee in gebiede voorkom waar dit saam met ander boerderyvertakkings aangehou word, kan tot 70% van die landbougrond

in Suid-Afrika slegs deur vee en wild benut word. Statistici het in 2010 beraam dat daar 13,6 miljoen vleisbeeste, 1,4 miljoen melkbeeste, 24,6 miljoen skape, 7 miljoen bokke, 3 miljoen stuks wild, 1,1 miljoen varke, 1,13 miljoen braaihoenders, 31,8 miljoen lêhoenders en 1,6 miljoen volstruise in die land was.

Teen einde verlede jaar is die totale beeskudde in Suid-Afrika op 13,57 miljoen geskat. Dit sluit internasionale melk- en vleisbeesrasse, asook inheemse rasse, soos die Afrikaner en die Nguni, in. Ongeveer 80% van die beeste in Suid-Afrika word vir vleis gelewer, terwyl 20% melk lewer.

Die totale skaapkudde in Suid-Afrika is einde verlede jaar op 23,71 miljoen bereken. Die meeste skape is in die Oos Kaap (29%), die Noord-Kaap (25%), die Vrystaat (20%) en die Wes-Kaap (12%). Teen einde verlede jaar was daar na raming 5,933 miljoen bokke in die land.



'n Vee-identifikasie en -naspeurstelsel kan handelsvennote verseker van 'n geloofwaardige fitosanitêre stelsel.

## WAAROM IS DIE STELSEL BELANGRIK?

Die uiteindelijke mikpunt van die departement en die veebedryf is 'n funksionele, nasionale stelsel vir die identifikasie en naspeurbaarheid van vee in Suid-Afrika. Dit word gedoen om die volgende redes:

- Suid-Afrika is uiters weerloos teen die uitbreking van oorgrens- of hoë-impaksiektes omdat sy buurlande en die gesoneerde gebiede van Suid-Afrika weerloos is teen sulke siektes.
- Die huidige siektes wat in die land voorkom, en die weerloosheid teen ernstige siektes, soos bek-en-klousee, bemoeilik plaaslike handel en uitvoer. Dit het die potensiaal om tot verliese van miljarde rande in inkomste te lei.

## WAT BEHELS DIE KONSEPDOKUMENT?

Die dokument maak voorsiening vir 'n LITS SA-komitee bestaande uit vyf verteenwoordigers van die Departement van Landbou, Bosbou en Visserie en vyf van die veebedryf. Dié komitee se taak is om die naspeurstelsel vir Suid-Afrika te ontwikkel. Met die hulp van 'n konsultant moet 'n finansieringsmodel vir LITS SA ontwikkel en die inwerkingstellingsowerheid gereed gekry word.

Die komitee moet die inwerkingstellingsplan ontwikkel, toepas en administreer sodra dit gereed is.

Die beleidsvoorstel vir 'n LITS SA is op die standaard van die internasionale organisasie vir dieregesondheid (OIE) gegrond. Dit stel voor dat die Suid-Afrikaanse stelsel vir vee-identifikasie en -naspeurbaarheid in pas gebring word met die OIE se regsraamwerk, aanbevelings en standaarde.

Talle invoerlande beskou naspeurbaarheid nou as deel van hul minimum sanitêre vereistes.

'n Funksionele stelsel sal beteken dat diere individueel geïdentifiseer en hul inligting op 'n sentrale databasis gehou kan word. Dit moet ook verbind kan word met inligting oor die beweging van diere, laboratoriumresultate oor dieresiektes, soos brucellose, en residu- en mikrobiologiese toetse vir antimikrobiese weerstandigheid en voedselveiligheid.

Die konsepdokument beveel aan dat die norme en standaarde van die LITS SA-stelsel op internasionale standaard gegrond word.

- Die beweging van diere kan slegs in beperkte mate beheer word.
- Veediefstal bly 'n ernstige probleem.
- Die bestuur en identifikasie van diere in die kommunale en kommersiële sektor is 'n probleem.
- Dit is problematies om tussen verskillende bestuurspraktyke, soos groeibevorderaars, Karoolam en grasgevoer, te onderskei.
- Rampbestuur van droogtes, vloed en siekte-uitbrekings speel 'n rol.
- Onwettige invoer moet gekeer word.
- Die oorkoepelende doelstelling van die beleid is om te verseker dat 'n internasionaal erkende LITS-stelsel in Suid-Afrika ingestel word wat volhoubare ekonomiese groei bevorder en werkgeleenthede in die veesektor skep.



## HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.

BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF. RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY TEL. 012 349 1102. E-POS: [rpo@lantic.net](mailto:rpo@lantic.net). WEBWERF: [www.rpo.co.za](http://www.rpo.co.za).